

Die Ned Geref Kerk as vredemaker?

A van Niekerk
(UP)

ABSTRACT

The Dutch Reformed Church as peace maker?

The Dutch Reformed Church must find it's role and identity in the coming century in a new context, without the power that came from the church's alliance with dominant Afrikaner nationalism. One role could be to become a peacemaker, if peace is seen in the Biblical sense of a right and just relationship with God, with people, and with creation, based on the eschatological work of Christ. So have any legitimacy, such relationships would have to become visible in the concrete lives of the church and her members. The Biblical basis for peace is contrasted with other possible bases for peaceful coexistence, such as the modern, enlightened idea that all people share a common rationality, or the idea of Ubuntu as general goodwill for all.

Die 20ste eeu was 'n besonder wrede eeu. Volgens die Amerikaanse politieke wetenskaplike R J Rummel is nie minder nie as 170 miljoen mense deur hulle eie regerings vermoor tussen 1900 en 1987. Hy onderskei tussen deka-moorde (die Sowjet - Unie: 61.9 miljoen tussen 1917 en 1987; China 10.1 miljoen tussen 1028 - 1949 en 35.2 onder die kommunistiese bewind en Duitsland 20.9 miljoen tussen 1933 en 1945), en mega-moorde, met 8 lande wat tussen één en tien miljoen mense vermoor het. In vergelyking daarmee is daar in die eerste wêreldoorlog 15 miljoen mense dood, en in die tweede 50 miljoen¹. Dit is interessant dat daar geen Afrikaland in die lys voorkom nie.

Met die einde van die Koue Oorlog het binnelandse etniese konflik wêreldwyd baie toegeneem. 'n Mens wonder hoe die lys aan die einde van die volgende eeu sal lyk.

Die situasie het aanleiding daartoe gegee dat die voorkoming en beslegting van etniese konflik besig is om as 'n spesialisasierigting te ontwikkel². Is dit dalk 'n rol wat die Ned Geref Kerk of sy lidmate kan speel?

Suid-Afrika het sy eie kwota geweld gehad. Die eeu het begin met die oorlog tussen die Boere en die Engelse, en dit eindig met 'n onrustige vrede tussen rasse-groepe, tussen taalgroepe, tussen ryk en arm, tussen godsdienstige groepe, tussen die geslagte en tussen etniese groepe. In hierdie konteks moet die kerk sy rol bepaal.

Die Ned Geref Kerk het die afgelope eeu 'n sterk magposisie beklee deur sy bondgenootskap met Afrikanermag, wat neergekom het op die samesnoering van al die kragte in die Afrikanervolk: die Nasionale Party, die koerante, die staatsdiens, die boere, die akademië, die besigheidsmense - en die kerke³. Die samesnoering van al die kragte in die volk was die verklaarde doelwit van die Afrikaner Broederbond⁴.

Afrikanermag het te staan gekom teen die "struggle", en die stryd het tot heelwat geweld aanleiding gegee.

Die konstellasië van kragte in die Afrikanervolk het nou verbrokkel, en die Ned Geref Kerk het nie meer die saambindende krag van die nasionalisme wat sy lidmate so min of meer op die voorgeskrewe pad gehou het nie. Mense doen nou wat hulle wil. Daar is baie middelpuntvlietende kragte onder die Afrikaners aan die werk. Onsekerheid het kragdadigheid vervang. Die sekerhede van die verlede word bevraagteken. Die fundamente word geskud.

Baie gemeentes probeer lidmate se behoeftes aanspreek deur die kerk meer vermaaklik te maak, en/of deur meer klem op die ervaring van die geloof te lê. Dit dryf party mense net verder weg, by ander is daar entoesiastiese meelewing. Die vraag is egter of die vernuwingsbeweging op stewige fundamente staan, beide wat die begrip van die Bybel en die begrip van die situasie in ons land betref.

Die kerk moet sy roeping opnuut ontdek. Wat is ons rol in die eeu wat voorlê? Een rol wat die kerk in sy verskillende gestaltes, en die lidmate in hulle gewone lewe, sekerlik in dié tyd voor geroep is, is om vredemakers te wees. In die afgelope eeu was evangelisasie sentraal, tot so 'n mate dat tot 80% van die bevolking hulleself as christene beskou. Dié geloofsbelofenis moet nou deurwerk in al die sektore van die samelewing, anders word die sout kragteloos. Een terrein waarop die geloof 'n verskil behoort te maak, is in die vreedsame naasbestaan van mense.

1 'N TEOLOGIESE RAAMWERK VIR DIE ROL VAN VREDEMAKER

Die Bybel praat op talle maniere van die kerk se verantwoordelikheid teenoor die wêreld. Dit word dikwels saamgevat met die begrippe *kerugma* (die verkondiging van die Woord); *diakonia* (sorg vir mense se bestaansnood); en *koinonia* (die goeie verhouding tussen gelowiges).

Waar die kerk of die christen as vredemaker optree, kan dit kwalik anders as binne dié raamwerk. Vrede is onlosmaaklik deel van die *kerugma*, die *diakonia* en die *koinonia*. Vrede kan selfs as samevatting van die

drie begrippe beskou word, omdat vrede die allesomvattende heil beskryf wat bestaan uit die regte verhouding met God en met mekaar, selfs op die politieke en sosiale terrein, sodat mense kan saai, oes, bou, vermeerder (dit was destyds), en in alle opsigte welvaart geniet. Vrede beteken goeie orde (vgl 1 Kor 14:33: "God is nie 'n God van wanorde nie, maar van *eirènè*). As elke ding sy regte plek het, dan is daar vrede. Vrede is dieselfde as die heil wat God skenk in Christus, en wat Hy aan die einde volkome sal maak. Dit omvat die totale verhouding tussen God, mens en skepping, en dui maar enkele kere op die innerlike vrede, die vrede in die siel (Rom 15:13). Die Griekse denke het vrede meer as 'n innerlike saak beskou, terwyl die Nuwe Testament op die Ou Testament voortbou, wat vrede as allesomvattend beskou, nou verwant aan geregtigheid en regte verhoudinge⁵.

Eksegete sal verskillende beklemtonings in verskillende tydperke en genres kan aantoon, maar die omvattende aard van vrede lyk na 'n deurlopende tema.

'n Moeilike vraag is wat die verband is tussen hierdie spesifiek vrede, die vrede wat God gee in die wêreld, en die vrede wat mense in die algemeen nastreef. Is daar so 'n algemene strewe na vrede onder alle kulture en godsdienste, waarvan die kerk met sy boodskap van die Bybelse vrede 'n gelyke vennoot kan wees? Soek nie-christene dieselfde vrede, of is daar 'n harde stryd tussen hierdie verskillende vrede-boodskappe?

Aan die een kant word die Bybelse vrede skerp afgegrens van ander vorme van vrede. Sommige Ou-Testamentiese profete was selfs in 'n kwaai twis gewikkel met die vals profete wat vrede verkondig, maar sonder gronde daarvoor. Teenoor die vals profete se vredesboodskap word die oordeel van God verkondig, wat eers volbring moet word voordat daar weer vrede kan wees. Die onreg moet eers reg gestel word. Vrede is onmoontlik solank daar onreg is, omdat vrede en onreg wesenlik teenstrydige begrippe is⁶.

Die heil en vrede van die koninkryk van God staan in sterk antitesis met die heil en vrede wat die wêreld bied. Die wêreld is nou wel nie, soos in die Griekse dualisme, totaal of wesenlik boos nie. Die christen moet die wêreld nie vermy om vrede te kan vind nie. Maar dit wat die wêreld bied - insluitende die goeie dinge, selfs die beste dinge, soos die kennis en die wysheid van die Grieke, en die beste prestasies van die Romeinse regering, en die wette en godsdienste, of die rykdom en plesier van die lewe, kan nie vir die mens heil en vrede bring nie. Slegs Christus kan dit gee - en Hy bied dit vir hierdie wêreld, want die wêreld is sy eiendom. Die christelike vrede het sy oorsprong in Christus, maar dit het implikasies vir die gemeenskap, en soek vrede met almal en op alle maniere⁷.

Die hoofsaak is: Die Bybelskrywers is verbasend konsekwent in hulle siening van vrede. Hulle is so begeesterd deur die omvattende, eskatologiese vrede wat God bring in die wêreld, dat daar bitter min verwag word van die meer algemene vrede tussen alle mense, die vae vrede wat alle mense dalk soek, as hulle dit wel soek. Want van nature is mense nie op soek na vrede nie, maar hulle is geneig om God en mekaar te haat. Om vrede te maak is 'n missionêre taak, wat saamhang met verlossing en geregtigheid.

Aan die ander kant: Daar is wel sprake van so 'n algemene vrede, 'n vrede met almal, ook met ongelowiges. In Jeremia 29:7 gee die Here opdrag aan die ballinge in Babel om vir die heidense stad te bid en sy belange te bevorder, "want in die vrede daarvan sal julle vrede lê". Hieroor sê Van Selms⁸: "De kerk moet positief staan teenover alles wat wereldvrede, wereldwelvaart en wereldrecht bevorderen kan... Het betekent wel, dat men dikwijls dezelfde dingen bevordert als zijn medemens, maar uit een ander motief". Die samewerking met ander geskied nie met eenderse motiewe nie.

Ook in die Nuwe Testament kom die meer algemene vrede wel voor. In 1 Korintiërs 7:15 word ons opgeroep tot vrede met nie-gelowiges, maar dit is ook omtrent al. Al die aandag is by die vrede wat verbonde is aan die heil in Christus. Daarbuite bestáán vrede nie betroubaar nie. Die Nuwe-Testamentiese skrywers het ervaring gehad daarvan dat die politieke vrede wat 'n groot ryk soos Rome wou vestig, dikwels maar op geweld en bloedvergieting berus het - soos dit vandag ook is⁹. Die kommunisme is hiervan 'n onlangse voorbeeld. Hulle wou die volmaakte staat skep sonder God, en het groot vernietiging meegebring. In die kleinste het Afrikanermag se pogings ook skeefgeloop, en het die onreg onvrede gebring.

'n Verdere teologiese riglyn is dat die boodskap van vrede verband hou met die tyd, die situasie. Jeremia en Esegïël het eers die vredesboodskap van die valse profete vurig verwerp, byvoorbeeld Jeremia 6:14: 'n "Hulle het 'n goedkoop raat vir die wonde van my volk, deur te sê 'Vrede, vrede!' - terwyl daar geen vrede is nie", of: "'Alles is reg! Alles is reg!' maar niks is reg nie". Esegïël verwyt die valse profete dat hulle die muur wat gaan val, net afwit, en dan sê: alles gaan goed. Hulle sien in Jerusalem gesigte van vrede, terwyl daar geen vrede is nie (vgl Eseg 13:16). Maar dieselfde Jeremia en Esegïël verkondig later vrede, nadat God se oordeel volbring is tydens die neerlae van 597 en 586. Dán kan Jeremia sê: "'Ek koester gedagtes oor julle van vrede en nie van onheil nie', spreek die Here" (Jer 29:11). En Esegïël kan sê: "Ek sal 'n verbond van vrede met julle sluit" (Eseg 34:25)¹⁰.

Hoe weet ons of 'n profeet vals is of nie? Die sleutel lê in die begrip vrede, wat nie sonder omvattende reg moontlik is nie. As die Ned Geref Kerk 'n geloofwaardige boodskapper van vrede wil wees, moet ons werk aan die regmaak van onreg, en aan die regte verhoudinge: met God, met ons medemens, en met die skepping, in die konkrete omstandighede waarin ons nou is.

2 ALTERNATIEWE RAAMWERKE VIR DIE ROL VAN VREDEMAKER

Die eksklusiewe verband tussen ware vrede en geloof in Christus, soos die Bybel dit beskryf, moet rekening hou met die talle alternatiewe benaderings wat aangebied word.

2.1 Die rede as basis?

Tydens die Aufklärung in Europa het die beskouing ontwikkel dat die rede die mens se diepste wese is. Die nie-redelike gedrag van die mens - sy emosies, of bygeloof, of selfs geloof - is gedrag wat minder wesenlik, of selfs in botsing is met sy diepste wese of intensie, naamlik om redelik te wees. Mense wat nie volgens hulle rede leef nie, is nog onvolwasse, of onderontwikkel, of agtergeblewe. Soos kinders, wat van nature gehelp wil word om te groei tot volwassenheid, wil sulke mense of kulture, bewustelik of onbewustelik, graag gehelp word om uit hulle staat van onderontwikkelheid te vorder tot ontwikkelheid.

In hierdie denkskema is die Westerse kultuur die voorbeeld van wat eintlik al die ander kulture se bestemming is. Die wat nog nie daar is nie, wil eintlik daar kom.

Opvoeding is die aangewese metode, want daar word die mens se verstand ontwikkel, en word redelike antwoorde verskaf vir die vrae van die menslike lewe. 'n Mens kan dan verwag dat diegene wat in bygeloof vasgevang is, die inherente waarde van die rede en van wetenskaplike kennis dadelik sal besef, omdat dit aansluit by hulle diepste intensie, naamlik om volgens die rede te leef. So is verwag dat mense wat die redelike verklaring hoor van, byvoorbeeld, waar malaria vandaan kom, spontaan die magiese verklarings daarvan sal verwerp, omdat dit nie redelik is nie. Die verwagting het 'n groot rol gespeel in die Ned Geref Kerk se sendingwerk die afgelope eeu, onder andere in die sendinghospitale en -skole.

Hierdie veronderstelling van die rede as die diepste wese van alle mense lei soms tot die gevolgtrekking dat kulturele verskille van minder

belang is, en dat vrede en saamleef met mekaar op die grondslag van die algemene rede gebou kan word.

Dit is die standpunt van dr Willem de Klerk, wat 'n leidende verligte in Suid-Afrika is¹¹. Hy het gesamentlikheid as die “moederbegrip” van die verligtes beskryf, gegrond op die pragmatiese rede as die natuurlike wet van die siel. In 1994 bepleit De Klerk¹² die vermenging van kulture, omdat daar 'n internasionale gelykmakingsproses aan die gang is. “Die Christene, Moslems, ensovoorts leer in die verskillende kerke dieselfde waardes”. Uit die vermenging moet 'n Afrosentriese, Suid-Afrikaanse kultuur ontstaan.

Herhaaldelik beklemtoon hy dat dit die verligte beweging onder Afrikaners is wat op president F W de Klerk se toespraak van 2 Februarie 1990 uitgeloop het¹³. Dit is 'n vraag of hierdie filosofiese siening van die rede werklik 'n goeie basis bied vir vrede en saambestaan, en om die onreg van die verlede mee reg te stel. Die Westerse rasionalisme word nie net deur die Afrikaniste verwerp nie, dit het ook inherente struktuurfout. Die Renaissance het die rede gesien as instrument om beheer te kry oor die natuur, ook die menslike natuur, en deur die beheer voorspoed te bewerk en so self die Verlore Paradys hier op aarde te herower. So word die rasonele mens selfgenoegsaam. Die Renaissance is op die skeidslyn tussen die Christendom en die Humanisme¹⁴.

Die benadering het skouspelagtige vooruitgang gebring, veral deur die wetenskap en die tegnologie. Dit het egter 'n destruktiewe effek op die ekologie, en selfs op die Westerse mense self¹⁵.

Die moderne, rasonele lewensbenadering het 'n groot aandeel gehad daarin om van die Ned Geref Kerk se lidmate 'n groep ryk mense te maak - in 'n brandarm kontinent. Vir meer as 'n eeu reeds word die Westerse resep vir vooruitgang aan Afrika aangebied, selfs opgedwing, en dikwels met baie skadelike gevolge. Hier kan die Ned Geref Kerk, saam met ander kerke, 'n groot bydrae lewer om 'n brug te bou tussen die Westerse en Afrika-wêreld. Maar dan sal die NG lidmate se eie lewenstyl as faktor in die konflik ondersoek moet word. Die groot gaping tussen ryk en arm skep spanning.

Ook in ander konflikgebiede speel lewenstyl 'n belangrike rol. Tschuy¹⁶ merk op: “The spread of Jewish settlements and the rapid transformation of their country bewildered the Palestinian Arabs. The Jewish immigrants did not occupy land by force; and most sought to be on good terms with their Arab neighbours... The problem was not one of religious adherence, but rather of a European lifestyle, modest as it may have been, which inevitably clashed with the ways of the Arabs. One might speculate about how differently modern Israel would have evolved if the first Jewish settlers had not come from Europe but from Arab countries...”.

Die kloof tussen ryk en arm, die geweldige nood van massas mense, en ons verhouding met die skepping dwing ons tot net een gevolgtrekking: ons as christene sal moet begin werk aan 'n alternatiewe lewenstyl. Ons moet 'n antwoord vind op die vraag: Hoe kan ons goed leef, op so 'n wyse dat die ekologie ons kan onderhou, en ons die goeie in ons kultuur vir ons kontinent se armes meer haalbaar, meer bereikbaar, en aantreklik maak? Dit is 'n uitdaging waaraan alle dissiplines op universiteit aan sal moet meewerk. Daarsonder word vrede in die 21ste eeu onhaalbaar, weens die toename in massas armes, en die uitputting van bronne.

Hiervoor verskaf die rede wel die nodige kundigheid, maar nie die nodige motivering nie. Dit moet van die kerk se kant af kom.

2.2 Ubuntu as basis?

Ubuntu beteken: 'n mens is 'n mens deur mense. In Suid-Sotho klink die gewilde spreuk so: *Motho ke motho ka batho babang*. Die woord Ubuntu spel self uit wat dit beteken. In die Ngunitale Zoeloe en Xhosa is die wortellettergreep *-ntu*, mens (in Sotho *-tale* is dit *-tho*). Jy vind dit in *umuntu* (enkelvoud; Sotho: *mo-tho*), een mens; en *aba-ntu* (meervoud; Sotho: *ba-tho*), meer as een mens. Die skakel *ubu-* (Sotho: *bo-*) dui op 'n wesens-eienskap, sodat *ubu-ntu* (Sotho: *bo-tho*) beteken "die eienskap van menswees, menslikheid".

Dit is 'n eenvoudige waarheid, dat 'n mens nie 'n mens kan wees sonder ander mense nie. En tog kan die eenvoudige waarheid op verskillende maniere verstaan word.

Die eerste vlak waarop Ubuntu funksioneer, is die alledaagse omgang tussen mense. Ubuntu wil sê dat swart mense 'n sekere gevoeligheid het vir ander mense, dat daar 'n besondere wellewendheid en goedhartigheid is in die gewone lewe.

Die aanspraak is geldig. Afrika het inderdaad 'n gevoel vir die medemens. In mense se gewone lewe is daar dikwels 'n stuk barmhartigheid en meeleving wat beïndruk. Daar is geen tehuise vir ou mense nie. Hulle bly deel van die familie. Daar is ook geen inrigtings vir geestelik gestremdes nie. Hulle word aanvaar as deel van die gemeenskap. Daar word dalk goedig met hulle gespot, maar hulle het 'n plek, 'n identiteit. Ubuntu is gemeensaamheid. Die Venda het 'n spreekwoord dat kinders selfs die kop van 'n sprinkaan met mekaar sal deel.

Hierdie goedheid ervaar ons as blankes ook in ons verhouding met swart mense, in die gewone lewe en in die politiek. Ubuntu word dikwels genoem om die onlangse vreedsame politieke oorgang te verklaar. Wêreldwyd word president Mandela geëer daarvoor dat hy sonder bitterheid en

wraakgevoelens, na 27 jaar, uit aanhouding gekom het om versoening te bepleit.

Tog skiet Ubuntu tekort as dryfkrag vir vrede in ons land. Drie punte van kritiek kan genoem word.

*** Ubuntu is te optimisties oor die mens**

Die Christelike leer oor die sondigheid, selfs boosheid van die mens is nie vandag 'n gewilde boodskap nie. Die Westerse kultuur het die “me-generation”, en swart sprekers bevrageet Genesis 3, omdat die Afrika-religie nie 'n sondeval ken nie, en die mens as goed beskou. Sommige swart mense wil die verre verlede romantiseer, en vertel hoe almal in vrede saamgeleef het, 'n byna volmaakte Ubuntu-tyd, 'n pre-sondeval, paradyslike bestaan. Met die Weste het geld gekom, en individualisme, en selfsug. Dit het gelei tot diefstal en moord. Maar vroeër, glo hulle, was dit nie so nie.

In aansluiting by die populêre kritiek teen die Bybelse leer oor die inherente boosheid van die mens, verwyf 'n swart teoloog¹⁷ die wit teoloog dat hulle in die worsteling met die harde werklikhede van hierdie land teruggeval het op 'n teologie wat die mens sien as sondig, vol haat teen die naaste. Die gevolg van hierdie negatiewe mensbeeld, sê Maimela, is dat die wit mense die swart mense gevrees het. Dit het gelei tot slegte verhoudings, tot onderdrukking. Hierdie negatiewe mensbeeld, sê hy, kom uit die Westerse filosofie, en van Luther, Calvyn, en Augustinus, en uiteindelik van Paulus. Hy noem die teologiese tradisie “notoriously pessimistic”.

In die Lebowa Times van 9 Maart 1990 kla die bekende skrywer en letterkundige Es'kia Mphahlele die kerk aan:

“The myth that we are born sinners was going to haunt us forever, and forever we were going to depend on the European's God and Christ for our salvation”.

Aan die ander kant wys prof Hennie van der Merwe¹⁸ daarop dat die Duitse volk in die negentiende eeu ten hemele geprys is: goed is die mens, eerlik en wys, het Goethe gesê. Die mensdom moet vrygelaat word om sy eie heil te skep. Dit het uiteindelik uitgeloop op Bismarck en Hitler, op die verwerping van die Bybel en van Christus, en die ideaal om 'n superras daar te stel, en daarmee saam die uitwissing van baie miljoene mense.

En Berkhof⁹ gee toe dat die Christelike sondeleer hard is, maar voeg by dat dit juis is omdat die mens as mondig en verantwoordelik beskou word:

“In die christelĳk geloof word die mens niet als slachtoffer maar als dader aangesproken. Hij wordt niet beklaaĳd maar aangeklaaĳd. Dat heeft tot vandaag toe enorme gevolgen tot in alle hoeken van het maatschappelijke en culturele leven toe. Niets draagt meer bij tot die humanisering van die mens dan dat hij volop op zĳn verantwoordelĳkheid jegens God en die naaste wordt aangesproken. Als we deze ‘harde’ taal opgeven, geven we het chrijselĳke geloof zelf op”.

Die harde oordeel oor ons word draagbaar gemaak deur die verlossing in Christus. So word die mens vry en verantwoordelik.

Gelukkig is daar ook Afrika-skrywers wat meer realities is. In 1962 reeds sê Wole Soyinka²⁰ van Nigerië, ’n latere Nobelpryswenner, in ’n onderhoud met die Suid-Afrikaner Lewis Nkosi:

“In fact I think one of the most humbling discoveries any African can make is just the fact that he can actually interpret the greed and, you know, the general evil of - what you call the European world in the faces of his own personal and intimate companions. I think that after years of self- delusion, (it is) a very chastening discovery - I should say rediscovery, because one lives with it all the time...

Nkosi: Yes. It is the same kind of idea contained in the story of the publican who stands there in the open and says, ‘I thank thee, Lord, for I am not as these other men are!’

Soyinka: Precisely, and it is just not so”.

Solank wit óf swart die houding van die Fariseër het, dat jy beter as ander is, sal konflik in die land voortduur. ’n Besef van eie skuld is nie net in die kerk nie, maar ook in die nasionale lewe belangrik. Die Christelike geloof maak baie van skuld, en tog sukkel ons christene om skuld te bely. Ubuntu, met sy oorwegend optimistiese siening van die mens, vind dit nog moeiliker. Gelukkig is daar darem enkele tekens daarvan. In sy boek *Ubuntu* verwys Lovemore Mbigi²¹ na die donker skadu van Ubuntu. Die klem op gemeensaamheid, saamwees, kan so sterk word dat individue wat hulle eie pad wil gaan as towenaars en verraaiers beskou word²². Hulle huise, hulle winkels, of hulle self kan verbrand word.

Die gesprek oor die mensbeeld van Ubuntu moet nog verder ontwikkel word.

* **Ubuntu funksioneer as ideologie**

'n Tweede vraagteken wat 'n mens aan Ubuntu kan stel, is as dit begin funksioneer as 'n politieke en ekonomiese ideologie. Dan word daar nie net gepraat van mense se goedheid in hulle persoonlike omgang met mekaar nie. Dan word Ubuntu uitgebou tot magsinstrument, en beland dit in die geselskap van 'n hele verskeidenheid Afrikanistiese bewegings, soos Kwame Nkrumah se "African Personality" (1958), Negritude, Afrika Sosialisme, Swart Bewussyn, Swart Teologie en Afrika Teologie. Die Nigeriese uitgewekene wat tans by die Universiteit Wes-Kaapland doseer, Kole Omotoso²³ beskryf die swart Suid-Afrikaner Z K Matthews se bespreking van Ubuntu, reeds in 1934, as een van die bydraes tot Pan-Afrikanisme.

As Ubuntu 'n ideologie word, is die doel om die hele samelewing te omvorm op die grondslag van die Afrikanisme. Ubuntu wil dit doen deur die versmelting van kulture. Die klem is op die menslike in elke mens, die diepe eendersheid of eenheid van ons almal. Die veronderstelling is dan dat ons deur nouer kontak die basiese eenheid en goedheid in mekaar sal ontdek, en dat ons geleidelik al hoe meer één sal word. Pogings om verskeidenheid te akkommodeer en verskille te beklemtoon klink dan vals in die ore. Een praktiese gevolg is dat alle instansies die bevolking-samestelling moet weerspieël. Ons is één.

Onlangs sê 'n swart spreker by 'n Ubuntu-konferensie "Ek gaan myself nie aan julle voorstel nie. As jy my wil ken, kyk diep in jouself, want ek is jy, en jy is ek".

Dit is so dat die Ubuntu nie altyd vriendelik en beleefd is nie. Dit gaan om 'n magstryd. As Lovemore Mbigi is sy boek *Ubuntu* redeneer dat die ekonomie méér suksesvol, méér winsgewend, méér kompetierend sal wees as die geeste van die Afrika-godsdienste daarin aktiveer word, kan Westerse waarnemers maklik minagtend reageer²⁴. Maar Mbigi sien regstellende aksie nie maar net as 'n metode vir swart mense om hoë poste te kry nie, hy sien dit as 'n metode waarvolgens daardie swart mense die ganse ekonomie moet omvorm volgens Afrikanistiese waardes²⁵. Dit kan lei tot 'n hewige magstryd in die ekonomie, selfs tot die vernietiging van die ekonomie.

* 'n Derde vraagteken wat agter Ubuntu geplaas kan word, is dat dit soms uitgebou word tot 'n godsdienst.

Die beginsel, dat 'n mens 'n mens is deur mense, het 'n wye toepassing. Die mense wat reeds dood is, is in Afrika nog deel van die menslike

gemeenskap. In die huishouding het hulle plekke waar hulle teenwoordig is. Hulle is betrokke by elke dag se gebeure. Hulle gee lewe en voorspoed, en as hulle verwaarloos word, bring hulle teenspoed om mense se aandag weer op hulle te vestig. Wat 'n mens is, is jy deur jou verhouding met die voorouers.

Daar is die gedagte dat 'n mens, as jy sterwe, na die voorvaders gaan, en jy kan weer terugkom in 'n kind wat gebore word. 'n Spreker by 'n Ubuntu-konferensie verduidelik: "As 'n kind gebore word, sê mense soms: Maar hier is oupa weer, of hier is oumagrootjie terug by ons. So het ons vir onself onsterflikheid bewerk".

Vanuit die christelike geloof sal ons vra of hier nie te veel gemaak word van die mens nie. Die sterk rol van die voorouers dra boonop by tot die tradisie van groot en duur begrafnisse, wat die afgestorwene moet tevrede stel. Dit is so duur dat 'n begrafnis baie arm families finaal verarm. Die geloof in God, die beskerming van Christus, is 'n groot bevryding van hierdie swaar juk wat op mense druk. Want uiteindelik is dit in ons verhouding met God dat ons mense is, nie net in ons verhouding met ander mense nie. Hier ontmoet die *kerugma* en die *diakonia*: as mense die koningskap van Christus aanvaar, word hulle minder arm. En dit bevorder vrede in die samelewing.

2.3 'n Sintese van kulture?

Die Duitse filosoof G W F Hegel het die standpunt probeer bewys dat die geskiedenis vorentoe gedryf word deurdat 'n spanning, 'n teenspraak, geskep word tussen die *status quo*, of *tese*, en die rebellerende mag, of *antitese*. Uit die konflik word nuwe idees gebore; die teenstellings word uiteindelik versoen in 'n sintese, wat op 'n hoër vlak as beide tese en antitese staan, en wat dan die nuwe tese vorm.

In hierdie beskouing word konflik en teenspraak die dryfkrag wat die geskiedenis van stagnasie red. Die verwerping van dit wat mooi en goed is, word self 'n goeie daad. Uiteindelik moet selfs God en Satan versoen word.

Die teenstellings in Suid-Afrika, tussen wit en swart, tussen arm en ryk, tussen toekomsgerigte, individualistiese kulture teenoor kommunalistiese, verlede-gerigte kulture - dit alles bring kreatiewe en opwindende konflik mee, wat dan versoen moet word en moet versmelt in 'n nuwe, beter samelewing.

Dr Willem de Klerk se genoemde pleidooi vir die vermenging en versmelting van die Afrika- en Westerse kulture kan dalk uit hierdie agtergrond kom. Die Afrikanisme wil ook uiteindelik alle dinge in 'n

groter geheel versoen, maar die beeld wat Afrika-skrywers gebruik is dié van die sirkel, wat groter gemaak word om nuwe dinge te akkommodeer, en nie Hegel se driehoek, wat sterk op vooruitgang dui nie.

Daar is egter mense wat 'n beter besef het van die wesenlike verskeidenheid van kulture wat in die nouer kontak nie noodwendig verdwyn nie, maar dikwels juis beklemtoon word, en die saambestaan problematiseer. Ons ontdek nie net dat ons meer eenders is as wat ons gedink het nie, maar dat ons ook meer verskillend is as wat ons gedink het²⁶.

Daar is Afrikaniste wat die besondere aard van hulle eie kultuur wil uitbou, en wat nie met die Weste wil vermeng nie. Dit is 'n benadering wat juis waardering het vir verskeidenheid, wat dit as verrykend en opwindend beskou dat ons nie almal eenders is nie. So skryf die Keniaan, Ngugi²⁷ wa Thiong'o, in sterk terme van die noodsaak dat Afrika moet loskom van Eurosentrisme. Hy bepleit egter nie, soos De Klerk, vermenging van kulture nie, maar pluralisme en dialoog op vrye en gelyke vlak. Hy voorsien 'n groot aantal kulturele sentrums, wat 'n groot aantal identiteite vergestalt, en met mekaar in dialoog is. Daar is plek vir elkeen, ons kan mekaar verryk.

Ngugi se pluralistiese benadering herinner aan die Joodse, of Bybelse, siening van 'n verhouding, waarin ek bestaan, en jy bestaan, en ons met mekaar te doen kan hê. Versoening beteken nie vermenging nie, maar 'n verhouding waarin ons die bydrae wat elkeen vanuit sy/haar unieke eie aard kan lewer, ten volle benut in die groter geheel. Dit is Martin Buber se "ek en jy", teenoor Ubuntu se "ek is jy, jy is ek" en teenoor apartheid se: "ek sonder jou en jy sonder my".

Ngugi se siening lyk pragmaties en rasioneel. Dit is 'n siening wat aansluit by die wêreldwye herwaardering van kulture en hulle verskeidenheid, soos byvoorbeeld in "The Handbook for Interethnic Co-existence"²⁸, wat vreedsame naasbestaan van groepe wil bevorder.

3 'n Christelike alternatief?

Die kerk word dikwels as 'n alternatiewe gemeenskap beskryf, in die sin dat dit volgens ander waardes en norme (moet) lewe as die res van die samelewing.

In die Suid-Afrikaanse konteks sou dit beteken dat christene 'n lewenstyl moet ontwikkel wat vrede tussen rasse- of etniese groepe, en tussen ryk en arm, en tussen mens en skepping vergestalt. Dit sou as getuigenis kon dien vir mense, en as basis vir die kerk se profetiese getuigenis. Dit sou selfs 'n voorwaarde wees om die rol as vredemaker te

kan vervul. Want dit is 'n bietjie van 'n verleentheid as die kerk, wat self so verdeeld en verskeurd is, 'n stem laat hoor oor politieke geweld; of as 'n kerkleier, wat self in luukse leef, die regering kritiseer omdat hy so min doen vir die armes. As die Ned Geref Kerk skuld bely oor sy aandeel in apartheid, en dan maar voortgaan met 'n luukse lewe en sy eie agendas, dan is dit onoortuigend. As die Ned Geref Kerk wil beswaar maak oor regstellende optrede wat sy lidmate swaar tref, moet hy daarby wys dat hy selfs nog meer besorgd is as die vakbonde en die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party oor die lot van die swakkes en armes. En dit kan moeilik gedoen word as die kerk en sy lidmate nie in hulle hele lewenstyl iets weergee van die omvattende Bybelse vrede nie.

In die verlede het ons die Westerse kultuur beskou as die sigbare gestalte van die christelike geloof. Dit is 'n aanname wat al hoe meer betwyfel kan word. Die Westerse kultuur het wel 'n groot aantal waardes van die christelike geloof oorgeneem, en 'n mens waardeer dié feit des te meer as jy kulture leer ken waar dit nie so is nie. Berkhof²⁹ noem 'n interessante lysie. Onder invloed van die evangelie, sê hy, het Europa oor dertien eeue al hoe meer afgewyk van "het algemeen-menselijke patroon". Eers was daar die sorg vir die armes en siekes, en die afwysing van die goddelike aard van die staatsmag. Diens, nederigheid en selfverloëning word belangrike waardes. Arbeid en verantwoordelikheid word beklemtoon. Die prinsipiële gelykheid van mense kom na vore, en daarmee saam besorgdheid oor die enkele mens en oor sosiale geregtigheid. Die natuur word ontgoddelik, wat wetenskaplike navorsing en tegnologie moontlik maak. Daar word uitgebreek uit die dwang van die verlede en gewerk vir 'n beter toekoms. Die humanisering van die bestaan word 'n doelwit - ook om ander kulture te help ontwikkel. Dit alles is 'n voorbeeld van strukturele heiliging.

Maar daarmee saam, sê Berkhof³⁰, laat 'n tweede grondmotief hom geld in die Westerse kultuur. Die mens wil outonoom wees. En dit word sigbaar in ons kultuur: in die individuele en kollektiewe egoïstiese konsumpsie - kultuur, die brutale omgang met die skepping, die uitholling van die sin van die bestaan, wat tot verveling lei, en tot oorgawe aan magte en ideologië. Die kultuur en sy strukture bied geen plek meer vir God nie; die kerk word verdra, maar mense verloor belangstelling in sy boodskap.

Uiteindelik word die Westerse Christen gekonfronteer met die vraag of ons die probleemlose bondgenootskap tussen ons geloof en ons kultuur kan volhou. Kan ons in die week maar gewoon aangaan, asof die waardes wat die samelewing vorm, ooreenstem met ons belydenis op Sondag?

Van Afrika kan ook 'n lysie gemaak word van beter en slegter eienskappe. Maar nie een van die twee groot kulture sal alleen die toekoms

van Afrika bepaal nie. Dit gaan eerder oor die wisselwerking en interaksie van die groot stelsels. Uit hulle kombinasie ontstaan gedurig wisselende patrone, wat onvoorsiene gevolge het. Hieruit kan 'n verskeidenheid lewenstyle ontstaan wat almal probeer gestalte gee aan die christelike waardes. Vir die meer Westerse christene: werk aan 'n lewenstyl wat beter gestalte gee aan ons geloof; ontwikkel tegnologie wat die minimum skade aan die ekologie aanrig; beweeg weg van die waardes van die Westerse lewenstyl, wat streef na voortgaande groei, rykdom, verbruik, selfgeding, en ontwikkel waardes wat ruimte maak vir God, die medemens, en die skepping.

Vir christene in die Afrika-tradisie sal dit onder andere beteken: 'n breuk met die magiese wêreld (bv die vrees vir afgestorwenes wat duur begraving meebring), en 'n groter aanvaarding van eie verantwoordelikheid.

Sulke vernuwings binne elke kultuur sal die versoenbaarheid tussen die kulture bevorder.

4 KONKLUSIE

Die konfliktpotensiaal in die Suid-Afrika van die komende eeu bly baie hoog. Die groot gaping tussen ryk en arm, die spanning tussen rasse- en etniese groepe, en die vernietiging van die ekologie is 'n paar faktore wat saam met verskeie ander 'n groot rol hierin speel.

Die Ned Geref Kerk, met sy Westerse agtergrond en sy wortels in Afrika, is in 'n besonder gunstige posisie om op 'n fundamentele en praktiese vlak mee te werk om 'n omvattende vrede te bevorder. Die kerk se historiese rol in apartheid is egter 'n blok aan die been, maar dit kan oorkom word deur konkrete gestalte te gee aan die christelike besorgdheid vir die wat arm is, die wat ly, asook vir die bewerking en bewaking van die skepping. So 'n besorgdheid kan daartoe lei dat lidmate hulle daaglikse werk en lewe benut om die algemene vrede te bevorder waarvan ons in Jeremia 29:7 lees, die belange van die land wat bevorder word. En in die proses kan geleenthede benut word om te getuig van die eskatologiese vrede wat God gee, waarvan ons onder andere in Jeremia 29:11 lees. In die laaste plek sal ons moet aandag gee daaraan om ons lewenstyl te ondersoek en te herontwerp.

NOTAS:

- 1 T Tschuy, *Ethnic conflict and religion. Challenge to the churches*, Geneva 1997, ix, xv.

- 2 E Weiner, (red). *The handbook of Interethnic Coexistence*, New York 1998.
- 3 H Giliomee & H Adam, *Afrikanermag. Opkoms en toekoms*, Stellenbosch 1981.
- 4 A N Pelser, *Die Afrikaner - Broederbond: Eerste 50 jaar*, Kaapstad 1979, 13, 14.
- 5 F J Pop, *Bijbelse woorden en hun geheim*, 'sGravenhage 1964, 547-551; H Beck, & C Brown, "Peace" in: Brown, Colin (red): *New Testament Theology*, (Vol 2), Exeter 1976, 783; W Klassen, "Peace" in: D N Freedman (red), *The Anchor Bible Dictionary*, (Vol 5), New York 1992, 207; T J Geddert, "Peace" in: J B Green, & S McKnight (reds), *Dictionary of Jesus and the Gospels*, Downers Grove 1992, 605.
- 6 C F Evans, "Peace", in: A Richardson (red), *A theological word book of the Bible*, London 1957, 165.
- 7 G E Ladd, *A theology of the New Testament*, Grand Rapids 1974, 396-400; Klassen, a w, 212.
- 8 A van Selms, *Jeremia, deel II*, Nijkerk 1974.
- 9 W Foerster, "eirene" in: G Kittel (red), *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament*, Stuttgart 1935, 415; S E Porter, "Peace, reconciliation" in: G A F Hawthorne, & R P Martin (reds), *Dictionary of Paul and his letters*, Downers Grove 1993, 695; Klassen, a w, 211.
- 10 G von Rad, "eirene" in: G Kittel (red), *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament*, Stuttgart 1935, 401, 403.
- 11 W de Klerk, *F W de Klerk. Die man en sy tyd*, Kaapstad 1991, 130,145.
- 12 W de Klerk, a w, 1991, 13-15.
- 13 W de Klerk, a w, 1990, 118-134.
- 14 B Goudzwaard, *Kapitalisme en vooruitgang*, Amsterdam; J Kenyatta 1938 *Facing Mount Kenya*, African Writers Series 219, London herdruk 1978, 17, 46.
- 15 E Fromm, *The sane society*, London 1956, 7-11.
- 16 T Tschuy, a w, ix, xv.
- 17 S S Maimela, "Man in 'White' theology", *Missionalia* 9(2) 1981, 64-77.
- 18 H van der Merwe, *Biblical Spirituality*, *NGTT* 30(4) 1989, 469.
- 19 H Berkhof, *Christeljk geloof*, Callenbach 1973, 222.
- 20 W Soyinka, in: D Duerden, & C Pieterse (reds), *African writers talking*, London 1962, 174.
- 21 L Mbigi, (met Jenny Maré), *Ubuntu. The spirit of African Transformation Management*, Randburg 1995, 58.
- 22 J Kenyatta, a w, 1938, 119.
- 23 K Omotoso, *Season of migration to the South*, Kaapstad 1994, 98.
- 24 Vergelyk Manning, Bizo en Croucamp in *Finansies en Tegniek*, 14-7-1995, 34, 35.
- 25 Mbigi, a w, 1995, 93-99.
- 26 D J Bosch, *Transforming Mission*, New York 1994, 475.
- 27 Ngugi wa Thiong'o, *Moving the centre. The struggle for cultural freedom*, Nairobi 1993.
- 28 E Weiner, a w, 1998.
- 29 H Berkhof, a w, 531-532.
- 30 Berkhof, a w, 536.